Tema: Die liefde maak die meeste saak

Skriflesing: 1 Kor. 14:1 "Julle moet die liefde nastreef".

Sake vir verdere oordenking na erediens

1. **Was die ontmoeting tussen God en jou vanoggend vir jou sinvol?**

2. **Is daar iets waartoe jy jou opnuut of vir die eerste keer wil verbind tov:**
   - **Jou persoonlike lewe?**
   - **Jou familie of vriende?**
   - **Dienswerk in Swartland Noord of in die breë Koninkryk?**

3. **Gaan deel dit met 'n persoon of persone**

Voor ek vergeet-Dramastuk

Datum: 19 Februarie 2013
Tyd: 20h00
Plek: De Bron Groot Teater, Malmesbury
Toegang: R100pp
Kaartjies by Superfoto/ Aandskemering Ouetehuis (Casper Dreyer- Dit is deel van Aandskemering Ouetehuis se fondsinsameling).
Navrae: 022-487 2000
Voor ek vergeet...vertel die aangrypende verhaal van 'n ma en seun, maar heel anders as die alledaagse verhale wat deesdae op die verhoog en silwerdoek te sien is, hulle haat mekaar nie.
As herinneringe verdwyn, bly die liefde tussen ma en seun die enigste onthou, **met Amanda Strydom en Hannes van Wyk.**

Kennisgewing: Februarie Teebeurt: (Albert Theron se omgeegroep)

Almal word hartlik uitgenooi om na afloop van die erediens 'n lekker koppie tee in die Kelder te kom geniet.

NED GEREF GEMEENTE SWARTLAND-NOORD

AFKONDIGINGS

WELKOM BY VANOGGEND SE EREDIENS!

3 FEBRUARIE 2013

Tel nr: 022 482 1407 **e-pos: admin@ngksn.co.za**
webtuiste : www.ngswartlandnoord.co.za

God is liefde. Daarom moet jy ook liefhê. Sonder onderskeid, opweeg of uitstel, moet jy liefhê.

Program van die week

Vandag
09:30 Doopdiens: Ds George Prinsloo
Die doop word bedien aan baba Anna Willa Venter, dogtertjie van Stephan en Gladys Venter en Jana Esterhuyse, dogtertjie van Erick en Lisinda Esterhuyse. Baie geluk! Ons verwelkom ook graag hul familie en vriende wat hierdie spesiale dag met hulle deel!!
Deuroffer: Aandskemering Plaaslik
Uitnaweek
Gemeenteveldtog begin

Maandag, 4 Februarie 2013
Toerusting Kleingroepleiers 18 :00
Dagbestuurvergadering 18 :30 in Konsistorie

Dinsdag, 5 Februarie 2013
Mansbybelstudie 06 :30

Woensdag, 6 Februarie 2013
Biduur ACVV Dienssentrum 09 :30
Sendingondersteuners 16 :00
Vergadering Paidion Personeel om 18 :00 in Saal

Donderdag, 7 Februarie 2013
JB Groep 19 :00 Moedergemeente Kerksentrum
Kommissieverslae moet ingedien word

Vrydag, 8 Februarie 2013
Gebedsvriendinne 09 :00

Volgende Sondag , 10 Februarie 2013
Lydensweke begin
09:30 Erediens: Ds George Prinsloo
Deuroffer: Elkana Plaaslik
Kinderkerk & Kategese
Bevestiging Kerkraad
18:30 Space (Tieners)

Nuwe Intrekkers

Henk, Marlene, Ruan en Karli Geyser, Plaas Verland en Japie, Hanlie, Alicia en Lené Visagie, De Kockstraat 38.

Baie welkom!

Mag jul verblyf in Swartland-Noord baie geseënd wees!!

Raak betrokke by omgeegroepe en ander aksies!

Ons wil graag lidmate aanmoedig om die kerkkantoor te verwittig van enige lief en leed in die gemeente, sodat ons dit op die afkondigings kan plaas.

1 Maart: Wêreldbiddag vir Mans om 06:30 in Moedergemeente Kerksentrum, vir Vroue om 10:00 in Moedergemeente Kerk
Deurkollekte: Bybelverspreiding

Het jy geweet ...

Dankoffer inbetalings

Vind u dit makliker om elektroniese oorbetalings te maak of per debietorder u maandelikse bydrae te gee.
Hier volg ons bankbesonderhede:
NG Kerk Swartland-Noord
Nedbank Malmesbury
Lopende rekening: 128 504 3421
Takkode: 154605

Roei op die Oranje 2013

Almal wat belangstel om van 1- 6 April op die Oranjerivier (Vioolsdrif) te gaan roei, moet hul name by Moedergemeente se kerkkantoor ingee. Meer inligting oor die kostes sal later gegee word. Jou paspoort moet vanaf April nog vir 6 maande geldig wees.

Neem asb. kennis dat daar Dinsdagoggende van 6h tot 7h 'n mansgroep in die Kelder bymekaar gaan kom, wat vir die 6 weke by die Veldtog

Huis Andrew Murray:Behoeftes vir 2013

Die jaar 2013 is weer volstoom aan die gang. Ons kinders is terug na die vakansie en ons is besig om dinge te beplan om ook in 2013 in ons kinders se nood te kan voorsien om VOLUIT TE LEEF!

'n Lys van behoeftes van ons verskillende huise, en projekte is by Swartland-Noord Kerkkantoor beskikbaar.

Miskien staan enige van die items wat benodig word in onbruik in u huis.

Items kan by die Kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie dat ons weereens op u kan staatmaak om te voorsien in Huis Andrew Murray se behoeftes.

MUSIKALE SOIRéE

Kom deel op Sondagaand 17 Februarie 2013 'n musikale uurtjie met Carina, Bianca en Carolie op die orrel, klavier, fluit en viool. Dit word aangebied by NG Gemeente Swartland om 18:30. Toegang is gratis, maar ter stywing van die orrelfonds, sal daar 'n mandjie by die deur wees vir 'n sagte kollekte.

Gelukwense:

Baie geluk aan oom Jannie Venter, Pastorielaan 2, wat die 4de verjaar en tannie Katrina Niemand, Bergzichtstraat 73, wat die 5de verjaar. Ons hoop dit is 'n geseënde dag en lewensjaar!

Kom ons doen voorbidding vir...

Ds Nico Bonthuys en familie, De Kockstraat 11, met die heengaan van sy swaer, die afgelope tyd.
Christof Spies, Hoopvolstraat 16, wat 'n knievervanging ondergaan het.
Tannie Lila Cloete, Bergzichtstraat 35E, met haar gesondheid.
Eddie Terblanche, Driefontein, wat 'n rugoperasie ondergaan het.
Marzahn de Beer, Toscastraat 10, wat in die hospitaal was.
Thys Cronje, Percheronstraat , met sy gesondheid.

Gemeente veldtog 2013

Hiermee herinner ons u elkeen aan die Gemeenteveldtog 2013. Vanjaar is ons gemeente se groter jaartema "God se familiemense". Die veldtog se tema sluit hierby aan.
Veldtog tema: "Ons is geskep vir verhoudings"
Soos verlede jaar, strek die tema oor 6 weke en begin vanjaar op **Sondag 3 Februarie en eindig op Sondag 17 Maart** met 'n "Commitment erediens"
Aanbiedings: Die 2 leraars gaan die Erediens temas oor die 6 Sondae aanbied en die **groepleiers** sowel as die **groeplede** gaan 'n uitdeelstuk na die erediens ontvang aan die hand waarvan die **kleingroep** op 'n ooreengekome dag na die erediens die tema saam gaan vier.
Wie neem deel?
Alle lidmate of vriende van lidmate wat in 'n kleingroep vir 6 weke bymekaar wil kom.
Leiding in die kleingroep:
Leiers van bestaande kleingroepe (Bybelstudiegroepe, omgeegroepe, wyksbyeenkomsgroepe) neem leiding om die groepe bymekaar te kry.
Nuwe groeplede: Meld by die kerkkantoor aan of kontak bloot die kerkkantoor aangesien daar persone is wat bereid is om u met leiding te help.
Nuwe groepe: Nuwe groepe met of sonder leiers kan by die kerkkantoor aanmeld.
Die groepleiers gaan ook 'n DVD ontvang wat by die kleingroepbyeenkomste gebruik gaan word.
Ons gebede is dat u elkeen in hierdie 6 weke nuut sal ontdek wat dit beteken om as God se familie binne die vreugde van liefde- en omgee verhoudings te leef.
Groetnis, Di George en Jan (Namens Gemeentebediening)

Gemeentebediening beplanningsessie

Met verwysing na die "oop gesprek" van 1 November 2012, vind daar 'n beplanningsessie plaas op Sondag 10 Februarie 2013 om 19h00 in die kelder. Navrae Gielie du Toit 0837752523

KENNISGEWING:

Ons is dringend opsoek na 4 Kleingroep fasiliteerders vir Graad 4 tot 6. Kontak vir Ds Jan Steyn by 0828724314 of Anina Hardcastle by 0837821364.

Belangrike Kontak Nommers
Ds George Prinsloo
Huis 482-3664
Kantoor 482-4600
(08:30 tot 12:30)
Sel / 083 447 6166
Ds Jan Steyn Huis 487-2763
Sel / 082 872 4314
Pastorale Berader:
Theresa van Vreden
083 310 3823